

## GRADE R VOORGESKREWE GEDIGTE 2016

### KIES SLEGS EEN VAN DIE VOLGENDE GEDIGTE

#### DIE JAKKALS EN DIE EENDJIE

'n Vette eend het eendag al met die pad geloop.  
Sy wou gaan rys en ertjies en lekkernye koop.  
Maar langs die pad het Jakkals haar stil-stil  
voorgelê;  
'n Eend hier in sy bladsak, is net wat hy wou hê.

“Goeiemore, liewe Eendjie, ek sien jou voete pla.  
As jy in hierdie sak klim, sal ek jou mark toe dra.”  
“Nee dankie, meneer Jakkals, al pla my voete ook,  
Dis beter in die paadjie as in jou pot te kook.”

#### AS EK EENDAG GROOT IS

As ek eendag groot is  
Bou ek vir my 'n huis  
Met plek vir al die diere,  
Van 'n olifant tot 'n muis.  
In elkeen van die slaapkamers hou ek 'n beertjie  
aan,  
En weet jy, in die voorhuis, daar woon die  
bobbejaan!

#### MY SWEPIE

Ek maak 'n lekker swepie,  
'n riempie aan 'n stok –  
Daarmee laat ek die varkies  
Hardloop uit hul hok.

Ek gee 'n harde hou –  
O, nie regtig raak –  
Net om die stoute varkies  
Goed skrik te maak.

#### EKKE

My oupa noem my Grootseun,  
My ouma sê “my Skat”  
Tant Marie noem my Suikerbek  
En Omie sê Aspatat  
Rosina noem my Grootman  
En Herklaas sê Galant  
Maar ek is my mammie se liefste kind  
En my pappie se regterhand.

## GRAAD 1 VOORGESKREWE GEDIGTE 2016

### KIES SLEGS EEN VAN DIE VOLGENDE GEDIGTE

#### DIE HAANTJIE

Haantjie klap sy vlerkies toe  
En sê Koede-doedel-doe!  
Dit is tyd om op te staan:  
Kinders moet nou skool toe gaan.

Haantjie , waarom tog so vroeg?  
Ag, ek is tog nog so moeg.  
Haantjie, stil tog asseblief.  
Ek het my slaap so lief.

Kinders, nee, dit is al laat  
Al die mense loop op straat,  
Eenmaal nog roep ek jul toe:  
Koeke-doedel-doedel-doe.

#### KAALVOETJIES

Ek loop so graag met voetjies kaal,  
Kaalvoetjies in die sand;  
Ek speel so graag met water,  
Met water buitekant

Maar Moeder roep my binne,  
Sy sê ek mors te veel;  
Ek wonder tog of iemand  
Ooit sonder mors kan speel.

#### AS BOETIE BAD

As boetie bad is alles nat  
Wat in die kamer staan.  
Die water spat 'n breë boog  
Tot teen die drumpel aan.

Die kat dra gou haar kleintjies weg  
En Sussie gryp haar pop,  
Ou Wagter loer net een slag skuins  
En soek die tuintjie op.

#### MARTIE MEERKAT

Martie Meerkat voel so siek.  
Haar koppie brand soos vuur.  
Mamma wil die dokter roep  
Maar Oupa sê: "Dit kos te duur!"

Toe dokter Springhaas eindelijk kom  
Weet hy net wat makeer.  
"Mevrou sê hy, dis kuikenvleis  
Dit wil nie akkordeer!

"Drink more vroeg 'n lepel dou  
En smeer die kop met gom –  
En as jy kuikens wil beloer,  
Draai liever gou-gou om.

## GRAAD 2 VOORGESKREWE GEDIGTE 2016

### KIES SLEGS EEN VAN DIE VOLGENDE GEDIGTE

#### KLEIN PARMANT

Tintinkie sit bo in die boom  
Waaronder oom Olifant wei,  
En toe begin die kleine vent  
Soos groot meneer baklei:

“Gaan weg hier van my boom af man!  
Al lyk ek vir jou klein,  
As ek hier afklim, glo vir my,  
trap ek jou ribbes fyn”

Ou Olifant verhef sy slurp,  
En het maar net genies  
En plaks, daar val Tintinkie af  
En binne-in sy kies.

#### WOEFIE IS MY KOLLIEHOND

Woefie is my Kollie hond  
Ons twee hardloop buite rond.  
As ek op my rietperd ry  
Is ou Woefie altyd by.

Somtyds as die hond van my  
Met die stompstert kat baklei  
Kry ou Woefie dan ‘n klap  
Kies ou Woefie die hasepad.

Eendag toe ons saam gaan jag  
Wou ek my so stukkend lag.  
Plaas dat hy ‘n leeu moet vang  
Word hy vir ‘n meerkat bang.

#### HOOGMOED

‘n Padda op ‘n boereplaas  
Het hom mos eenmaal opgeplaas.  
Hy sê hy wil, wat dit ook kos  
So groot word soos ‘n os.

Hy blaas en blaas sy kieste bol  
Sy rug word krom, sy magie hol.  
Maar ag! Jy hoor net tande knars  
Want ons ou vriend het oopgebars.

Daar lê hy nes ‘n droë beskuit  
Met al sy ingewande uit  
Nou ja ons weet dit almal mos,  
‘n padda word tog nooit ‘n os

#### DIE VERKLUIMDE AKKEDIS

Net hier voor my op die grond  
Het ek die liefste ding gekry.  
Stertjie rooi en verder bont,  
En glad nie bang vir my.

Kyk ek neem hom in die hand.  
“Foeitog, kleinding, wat is jy?”  
Hier-jy, haai! Jou klein kalant!  
Kyk hoe laat skrik jy my!

## GRAAD 3 VOORGESKREWE GEDIGTE 2016

### KIES SLEGS EEN VAN DIE VOLGENDE GEDIGTE

#### AS DIT FLUIT-FLUIT GAAN

Dit was 'n bitter dag vir my  
Die Sondag in die kerk;  
Waar ons sit, in die middelry  
Word alles opgemerk.

Die dominee hou skielik op,  
Die ouderlings kyk om;  
Rooiskaam laat sak my ma haar kop  
Want almal lyk verstom.

Wel, tuis het ek 'n pak gekry  
En huil my byna hees,  
Maar dit was darem, glo vir my,  
'n lekker fluit gewees!

A.G. Visser

#### DIE GOUE SLEUTELTJIE

As ek 'n goue sleuteltjie  
In die hande kry  
Dan sluit ek al die koutjies oop  
En laat al die voëltjies vry.  
Ek sluit ook ons ou koskas oop  
Waar Ma die koek in hou  
En allerhande lekker goed  
Waaraan ek graag wil kou.  
Maar ons ou skooldeur sluit ek toe!  
Die sleutel gooi ek in die see  
Om diep daar weg te sink!

#### BLOU MAANDAG

My mamma is laat,  
My pappie is kwaad,  
Ons hulp het nie opgedaag.  
Die stoof is vuil,  
Die babatjie huil,  
Hy het vreeslik pyn op sy maag.  
Die reën die spat,  
Die wêreld is nat,  
Net lekker om kaalvoet te loop.  
Keer voor, keer voor!  
Die tenk loop oor!  
Die water spuit van die dak.  
Draai net die kraan onder oop  
Dan sal dit van bo sommer self sak.

## GRAAD 4 VOORGESKREWE GEDIGTE 2016

### KIES SLEGS EEN VAN DIE VOLGENDE GEDIGTE

#### HAASBEKKIES

Bettie sleep haar tongetjie  
En Danie se woordjies fluit  
En Gerrie se voorste tandjies  
Is die laaste ene uit.  
Ons hele klas is haasbek  
Want almal wissel nou.  
En speelyd moet ons sukkel  
Om ons harde kos te kou.  
Dawid het 'n appel,  
Hy klou dit in sy vuis  
En druk dit teen sy kieste vas  
En kerf dit soos 'n muis.  
Lenie het 'n groenmielie  
Sy druk dit teen haar wang  
En sukkel met haar oogtandjies  
Om pitte raak te vang.  
Ou dik Piet is nog honger  
Maar sy korsies lê opsy  
'n mes durf ons nie dra nie  
Want ons sal ons vingers sny.  
En boonop moet ons versies leer.  
Ons sê dit pragtig op,  
Maar as meneer vir ons kom hoor,  
Dan skud hy net sy kop.  
Want  
Bettie sleep haar tongetjie  
En Danie se woordjies fluit  
En Gerrie se voorste tandjies  
Is die laast ene uit.

Tienie Holloway

#### DIE DUISENDPOOT

Pasop! Pasop vir die duisendpoot!  
As hy jou byt lag jy jou dood.  
Hy byt klein Jannie op n dag:  
Daar kry die kind die lekkerlag.  
Dit kielie hier, dit kielie daar,  
Dit kielie oral aanmekaar.  
Sy voetsool, neus, sy hart se sak,  
Die kielie in sy kieliebak.  
Sy mond rek wyd, sy tande wys,  
Hy kry inwendig hoendervleis.  
Hy rol, hy krul, hy hou sy maag.  
Ha-ha! Daar skeur sy hemp se kraag.  
Ho-ho! Daar klap sy boonste knop.  
Hie-hie! Daar vlieg sy baadjie oop.  
Sy are swell, sy kleur word blou:  
Die lagbui word 'n wolkbreuk nou.  
Sy vader skrik: "My liewe tyd-  
Vanwaar nou die lagsinnigheid?"  
Sy moeder kerm: "Ag, wat is dit?  
Nog nooit had hy die ritteltit."

#### MUSKIETJAG

Jou vabond, wag, ek sal jou kry,  
Van jou sal net 'n bloedkol bly  
Hier op my kamermure.  
Deur jou vervloekte gonsery,  
Deur jou gebyt en plaery  
Kon ek nie slaap vir ure.  
Mag ek my voorstel, eer ons skei,  
Eer jy die doodslag van my kry –  
My naam is van der Merwe.  
Muskiet, wees maar nie treurig nie,  
Wees ook nie so kieskeurig nie,  
Jy moet tog ééndag sterwe.  
Verwekker van malaria,  
Sing maar jou laaste aria –  
Nog een minuut vir grasie.  
Al soebat jy nou nòg so lang,  
Al sê jy ook: ek is nie bang,  
Noot sien jy weer jou nasie....

## GRAAD 5 VOORGESKREWE GEDIGTE 2016

### KIES SLEGS EEN VAN DIE VOLGENDE GEDIGTE

#### DIE PROFEET

As ons ou kat, Meneer De Bruin  
Sy snorretjie so was,  
Dan voel ek altyd baie bly  
Want een ding glo ek vas:  
Ek glo dat hy hom voorberei,  
Ons gaan vanmiddag mense kry.  
Dan trek ek my vuil voorskoot uit  
En kam my hare glad.  
Dan kyk ek na die dorp se kant  
Al langs die maanhaarpad.  
Maar mammi sê: "Jou lawwe kind,  
Wat glo jy sulke bog?"  
Maar netnou-netnou kom 'n kar,  
Hoe lekker lag ek tog.  
Dan moet hul rondspring dat dit kraak  
Om alles reg en klaar te maak,  
En ek speel lekker in die tuin  
Met ons ou slim Meneer De Bruin.

#### BIESIE-BIESIE-BAME

Skoon is nou weer elke poppie  
Van die voetjies tot die koppie.  
Sedig sit hul, maar ek vrees  
Almal was nie soet gewees,  
Want die stoute Teddiebeer  
Het sy bakkies swart gesmeer  
En die wilde Golliewok  
Het vandag weer so gejok.  
Riena kom van Graaff-Reinet,  
Ons twee het tog soveel prê.  
Kjoepie is my liefste kind  
Met haar laggie en haar lint.  
Toe maar, nou is almal soet,  
Moedertjie is ook weer goed.  
Knietjies krom en hande netjies  
Bid nou julle aangedbedjies:  
Biesie-biesie-bame  
Vou die handjies same;  
Ena, dena, dana, doe,  
Maak nou jul ogies toe;  
Mena, mina, mana, moeg,  
Tot dit lig word more vroeg  
Amen  
AG Visser

#### Sê-NOU

Sê-nou is 'n lekker sê:  
Alles wat 'n mens wil hê,  
Alles wat jou hart begeer  
Kry jy en nog baie meer.  
"Sê-nou maar..." sê ek vir my maat  
Toe ons saam loop langs die straat,  
"Sê byvoorbeeld enigiets  
Van 'n motor tot 'n fiets  
Perdekar of ossewa,  
Ryperd wat sy ruit dra  
Alles waarop mense ry  
Gaan onsigbaar hier verby.  
Ooms te perd met lange baard  
Wip-wip luglangs dood bedard.  
Snaaks sou wees die tremwa daar,  
Twee verdiepings opmekaar,  
Maar die baie-sukkel-trap  
Lyk my nog die grootste grap  
As jy net die fietser sien  
Maar geen spoor van sy masjien.  
"Sê-nou..." dis 'n lekker sê.  
Alles wat 'n mens wil hê,  
Alles wat jou hart begeer  
Kry jy en nog baie meer.

## GRAAD 6 VOORGESKREWE GEDIGTE 2016

### KIES SLEGS EEN VAN DIE VOLGENDE GEDIGTE

#### EK HET 'N HUISIE BY DIE SEE

Ek het 'n huisie by die see.  
Dis nag.  
Ek hoor aaneen, aaneen die golwe slaan  
Teenaan die rots waarop my huisie staan  
Met al die oseaan se woeste krag.  
Ek hoor die winde huil – 'n kreun, 'n klag,  
Soos van verlore siele in nood  
Al dwalend, klagend, wat in graf en dood  
Geen rus kon vind nie, maar nog soek en smag.  
My vuurtjie brand, my kersie gee sy lig.  
Ek hoor dan maar hoe loei die storm daar buite,  
Hier binne is dit veilig, warm en dig.  
Kom nag, kom weer en wind, kom oseaan –  
Dit is die rots waarop my huisie staan.  
C.M. Van den Heever

#### REËN

Dis tog te lekker as die reën  
So drup-drup op die blare,  
En die druppels hang soos pêrels  
Aan ons toutjierige hare.

As dit weer buite skoon is  
En al die slote loop,  
Dan kan ons tog te heerlik  
Ons voete daarin doop.

Mammie sê ons kinders  
Moet liever binne bly,  
Want as ons natreën, sal ons dalk  
'n kwaai verkoue kry.

Maar wat van al die bome  
Wat altyd buite bly?  
Nog nooit het ek gehoor  
Dat een 'n seerkeel kry!

#### SKINDERBEK

“Jy praat te veel!”  
Sê Slangetjie Snip  
Vir 'n groot krokodil

“Hou tog 'n slaggie  
Jou bek 'n bietjie stil,  
Van al die geskinder  
Wil ek al gil!”

“Ag so,” sê die reus,  
En sy stem klink dik:  
“dink jy miskien  
Dat ek vir jou skrik?”

Maar kyk net hoe mik  
Klein slangetjie sy lyf  
Dat hy om die krokodil  
Se kakebeen krul!

Drie maal draai hy  
Sy slap lyf styf  
En bring so 'n einde  
Aan die reus se gekyf.

Krokodil raak benoud,  
Hy wil ampertjies verstik:  
Sê tot laataand nie 'n woord nie –  
Hy het sy tong ingesluk!

## GRAAD 7 VOORGESKREWE GEDIGTE 2016

### KIES SLEGS EEN VAN DIE VOLGENDE GEDIGTE

#### DIE VERWAANDE WALVIS

Daar was 'n verwaande walvis  
Wat gesê het: "Ek wens ek was al vis,  
Die enigste-een-in-die-see vis,  
Die ses-minus-drie-minus-twee vis,  
Die enigste, ware alleen vis."

'n Sardientjy het hom so beluister  
En sag vir sy maatjie gefluister:  
"Hoor die see-toe-verdwaalde landdier,  
Die ken-nie-sy-plek-nie astant dier,  
Hy is hoegenaamd, absoluut geen vis nie!  
Sou hy dan nie wis nie  
Hy is nie  
'n vis nie?  
Die vet hoog-en-droog dier,  
Die voortydse soogdier!"

EP Du Plessis

#### KIES GEEL? KIES ROOI?

Geel is lukwart en appelkoos  
Wat my laat watertand,  
Maar rooi die kroon van waatlemoen  
Wat bros breek in my hand.

Bloedrooi roep die ryp granaat  
Wat oor die heining hang  
En met soetrooi tande lag  
In sy gesplete wang.

Rooivleiskoejawel vet geswel  
Van reën, en persrooi adamsvy,  
En soetlemoen oranje-geel  
Van son – altwee kan my kry!

Spanspekke lok my bottergeel,  
Aarbei beloer my spikkelrooi,  
Hoe kan ek kies al wil ek ook,  
Tussen ewe lekker, ewe mooi?

Pieter W. Grobler

#### JAN BALIE

Daar kom ou Jan Balie aan  
Hy het sy vrou se tjalie aan  
Hy lag so gie! Hy lag so ga!  
Hy lag so gie gag a!

Die buurvrou loer en sê:  
"ek wed Lagstuipe – dit is wat hy het.  
Die buurman luister op sy stoep  
Ek gaan die naaste dokter roep  
Die dokter bring lanset en spuit;  
Eers in sy arm, toe in sy kuit.  
Toe lag hy eens so erg.  
"Dis mis – dis glad nie waar my lagspier is,"

Toe mompel dokter Oudedoos:  
"Ek vrees die saak is hopeloos."  
Toe kom ou juffrou Net Natuur  
En sê: "Probeer my waterkuur."

Maar wat...hy't al die put se water  
In 'n ommesientjie uitgeskater.  
Toe kom die homeopatie-man;  
Geen siekte of hy weet daarvan.  
Hy't simpatie, hy weet 'n plan:  
"k moet hom 'n grap of twee vertel  
Dan mag hy van die lag herstel."

Wel. So gesê en so gedaan.  
Die eerste grap tas hom al aan;  
By drie raak hy betreklik stil.  
By vier begin hy geeu en gaap;  
By vyf was hy al aan die slaap.  
Bleek, uitgeput daar op die bed-  
Maar almal juig: hy is gered!

AG Visser

## GRAAD 8 VOORGESKREWE GEDIGTE 2016

### KIES SLEGS EEN VAN DIE VOLGENDE GEDIGTE

#### SKITTERLIG WINK

In 'n silwer rivierstroom,  
Tussen eggo-krans en kloue.  
Het sy haar hart in mos gevou,  
Wyl rooivinkie ritmies in riete beweeg.

Daar waar spookasem wolke kolk –  
Staan sy kelkhand, palms na Bo,  
Om genade en vrede af te smee,  
Die kettings van glisters los te breek.

Haar spieëlbeeld weerkaats,  
Op kartels van die water,  
En dis eers (wat soos eeue voel) later,  
Dat sy volkome berusting vind.

Wanneer gees sweef na waterval,  
Waarsky eggo's vanuit die krans,  
Haar siel is vry soos sy sag-sink,  
As Sy skitterlig haar naderwink.

#### DIE RUS IS ELDERS

In die eensame veld staan 'n tentjie klein,  
En daarnaas in die skeemring skuif die  
Ligtende trein;  
Ek sien in die tentjie, deur die oop gordyn,  
'n tafel met bordjies en glasies fyn,  
Wat sag in die lig van die kersie skyn,  
Ek ek dag: "Was ek net in die tentjie klein,  
Ek sou tog so gelukkig syn."

Naas die eensame tent staan 'n meisie klein,  
In stomme bewond'ring van die ligtende trein;  
Sy sien my geniet 'n glansende wyn  
en kost'like maal by elektriese skyn;  
ek ek raai die gedagte van die meisie klein:  
"Ag, was ek maar net in die vrolike trein,  
Ek sou tog o so gelukkig syn."

Totius

#### SYPAADJIE MENSE

Sypaadjie mense Sypaadjie mense  
Beweeg soos skimme in die straat verby  
Sypaadjie mense Sypaadjie mense  
Beweeg gesigloos voor my hart verby

Sypaadjie mense Sypaadjie mense  
Beweeg soos skimme in die straat verby  
Sypaadjie mense Sypaadjie mense  
Beweeg gesigloos voor my hart verby

Ek wens ek kon 'n kiekie kry  
Hoe jou wêreld diep daar binne lyk  
'n stukkie van jou drome leen  
En wonder wie is jy

Ek wens ek kon die taal verstaan  
Waarin jy jou gedagtes baan  
Ek wens ek kon 'n oomblikke  
Jou lewenspaadjie deel

Sypaadjie mense Sypaadjie mense  
Beweeg soos skimme in die straat verby  
Sypaadjie mense Sypaadjie mense  
Beweeg gesigloos voor my hart verby

Miskien is dit dalk beter so  
Want as ons iets van almal weet  
Die hartseer dalk te swaar te veel  
Die liefde dal te mooi

Stap maar bymekaar verby  
Ek bly ek en jy bly jy  
'n enkelpaadjie iewers heen  
Ek wens ek kon verstaan

Sypaadjie mense Sypaadjie mense  
Beweeg soos skimme in die straat verby  
Sypaadjie mense Sypaadjie mense  
Beweeg gesigloos voor my hart verby

Sypaadjie mense Sypaadjie mense  
Beweeg soos skimme in die straat verby  
Sypaadjie mense Sypaadjie mense  
Beweeg gesigloos voor my hart verby

## GRAAD 9 VOORGESKREWE GEDIGTE 2016

### KIES SLEGS EEN VAN DIE VOLGENDE GEDIGTE

#### TROU

Ek hou van 'n man wat sy man kan staan,  
Ek hou van 'n arm wat 'n slag kan slaan,  
'n oog wat nie wyk, wat 'n bars kan kyk  
En 'n wil wat so vas soos 'n klipsteen staan!

Ek hou van 'n man wat sy moeder eer,  
In die taal uit haar vrome monde geleer,  
Die verraaiersgeslag in sy siel verag  
Wat, haar versotend, homself kleinereer.

Die oog wil ek sien wat 'n traan nog ween  
Vir die heldegeslag, in hul rus daarheen,  
Maar 'n blits van trou in die traan van rou,  
Wat aan liefde weer gee wat haar bron ontleen.

Vir my d' Afrikaner van durf en daad,  
Wat mammon's eer en loon versmaad,  
Sy hoof en sy hand vir sy volk en sy land  
En 'n trap van sy voet vir laag verraad!

O, 'k hou van 'n man wat sy man kan staan;  
Ek hou van 'n daad wat soos donder slaan,  
'n ogie wat nie wyk, wat 'n bars kan kyk  
Ek 'n wil wat so vas soos 'n klipsteen staan!

#### ALZHEIMER'S

Waar stap die ure heen  
Alleen, alleen, so alleen  
Sonder mense, sonder stemme  
Of geluide van voëlsang en wind –  
Vol van soek en nie vind.

Sou die beelde van dink en doen  
So intens met vakuum versoen  
Dat daar geen buitelyne meer is,  
Geen vreugde of hartseer.  
En niks gebeur weér.

Alles is een groot wollerige, wasige newel  
Waar in niemand oorwin of sneuwel.  
En waarin geen getuie was of meer is.  
Het almal hulle dan vergis,  
Was alles maar skimme in die mis?

#### PLAASHEK

Bloedrooi die aalwyn langs  
Die slingerpad.  
Dis of daar vonke uit  
Elk vuurpyl spat.  
Maar niks, niks roer nie,  
Net 'n luggie wat  
Skrams aan die ritselende grassate vat.

Daarbo die blou, blou lug,  
Daaronder die rivier  
Wat deur die boorde kronkel met  
'n groene swier.  
Niks stoor die yle swewende bergstille hier.

Na al die jare maak ek weer  
'n plaashek oop.  
Waar het my paaie tog nie geloop  
Om my hier by 'n hek te bring van al my  
Waan gestroop,  
Maar met my denke helder en in my hart die  
hoop?

Die hek staan in die skad'wee van  
'n kremetart.  
Die stilte in my's volkome met  
Niks troebels, niks verward.  
Ek lig die knip.  
Ek maak 'n oop in my hart.

## GRAAD 10 VOORGESKREWE GEDIGTE 2016

### KIES SLEGS EEN VAN DIE VOLGENDE GEDIGTE

#### MEI – JUNIE

Die koper en goud van die herfs het verbruin en  
veergeel.

Eersdaags staan die boomgeraamtes swart afge-ets  
Teen môre-mis en vroeg-aand skemering.

Bedags soek ons son, loop op die krakende lane  
van koper en goud,

En snags soek ons die warmte van ‘n ander lyf.

Die opbrengs van die somer-oes is meestal verteer.  
Slegs droë vrugte en neute is nog getuies van die  
arbeidsloon.

En bedags soek ons son, maak die mandjies  
bymekaar,

Terwyl ons saans die warmte van ‘n glasierie  
soek.

Spoedig vul die lug met vlokkies waterdamp  
Wat met die koue en wind die kuns van vlug  
bemeester het

En in ‘n wonder-oomblik skitter in die son.  
Bedags soek ons die son, stap verwonderd in die  
sneeu,

En saans kruip ons vroeg-vroeg in.

Vroeg-oggend praat ons met wasem-aksente voor  
die mond.

Die wat kan, berei hul vlug;

In Europa het die lente aangekom.

Maar hier soek ek en jy bedags die son  
Tot ons saans tevrede op ons eie werf onself  
bederf.

#### KROMDRAAI SE BOERESPORT

By Kromdraai se boeresport  
Is die broekies styf en die rokkies kort.

Die lywe rooi gebrand,  
Speel die kinders in die sand.

Die spiere bult en lywe sweet  
Tussen baie lag en lekker eet.  
Perde maal in die stof  
Tot hul langmaanhaar in die eerste skof.

Wulpse meisielywe vlug en lok  
So die beurt die bok,  
Tot hy rasend hyg,  
Oor vrou en kind wat swyg.

Die vrouens lag so uit die keel,  
Is min gepla met soentjies-steel.  
Genoeg om stil te sit en puf,  
Hul susters met ‘n pouz te bluf.

As die son die aand kom sak  
Word alles opgepak –  
Ook die wellus van die dag.  
Vergete is die skril gelag.

Môre dra hulle weer  
“mevrouw-skoene” – egte leer –  
Trek rokkie oor die knie  
Sê nie pruim nie.

**GRAAD 10 VOORGESKREWE GEDIGTE 2016**

**KIES SLEGS EEN VAN DIE VOLGENDE GEDIGTE**

**BLADSY 2**

**DIE VERTREKKENDE WILDEGANS**

Tot aan die ruigte-gladde waterkant  
Verglans die son se skuinse middagvuur,  
Om trillend oor die watervlak  
In hierdie teer vertwyfelingsuur  
‘n oogwenk nog te duur –  
‘n oowgenk tot ‘n vlerkgeklapper ruis,  
Die water, ru verras, sy rimpels plooi,  
En swart figure oor die wye spiel  
Onrustige skaduwees gooi.  
Dan uit die donker vleie styg  
Met hees geskreeu die pikswart ry,  
En oor die rustig-diep kuile reis  
Die ganse met hul heimweeroep verby,  
Verby na verre lugte waar die vuur  
Van weggekwynde sonlig  
‘n oogwenk bang nog duur...  
Al kleiner word die swart gedaantes,  
En verder sterf die heimweeroep  
Die verre kimme oor  
En langs die wye land die hemele in  
Raak stil die ry met hul geskreeu verloor.

## GRAAD 11 VOORGESKREWE GEDIGTE 2016

### KIES SLEGS EEN VAN DIE VOLGENDE GEDIGTE

#### SNELWEGVERKEER

Die wiele sing oor die teer;  
Binne in my is dit skrynend seer.  
My gedagtes is 'n warboel  
En ek is een groot denklose "voel"

Dan gaan my oë oor die stad  
En skielik kom die muise, vat  
Die silwer linte van teer,  
En vleg beelde soos so baie keer:

Ek sien van silwer linte 'n reuse spinnerak  
Gevleg oor bome, pale, elke dak,  
(wie hou die punte vas?)  
Duisende klein kassies wat op die linte pas

Spoed daarop voort –  
Voort tot 'n ander oord,  
Iewers waar daar rykdom is,  
Waar drome werklik is.

En ek spoed willoos voort  
Hoop daar is 'n poort  
Na kalmte, rus en vrede  
Met geneentheid en liefde sonder rede.

#### MY VRIEND DIE WIND

Dis dor en uitgedroog, net 'n dop  
waar lewe moes pols en klop,  
maar ek ruik die wind;  
ruik die druppels van ver af my kind,  
bring verkwikking saam  
van plekke nou nog sonder naam.

En my oë soek in die blou:  
ek wíl nie meer rou!  
Maar ek hoor die wind  
in die blare, oor die gras my kind,  
en ek wil liever van voor af begin  
al is dit met min.

Ek groet die nuwe dag  
maar hoor niemand lag;  
ek voel die wind  
oor my wange streef my kind  
en ek sien die wind se wuiwende hand  
oor die vlaktes van my land.

Nuwe lente bring nuwe lewe,  
stoot die sap in litte en lede;  
en ek voel die warm wind  
tintel van lentelewe my kind,  
en ék is die kind en weer 'n nooi,  
jonk, vol vreugde en mooi.

**GRAAD 11 VOORGESKREWE GEDIGTE 2016**  
**KIES SLEGS EEN VAN DIE VOLGENDE GEDIGTE**

**BLADSY 2**

**DIE DANS VAN DIE REËN**

O die dans van ons Suster!  
Eers oor die bergtop loer sy skelm,  
en haar oge is skaam;  
en sy lag saggies.  
En van ver af wink sy met die een hand;  
haar armbande blink en haar krale skitter;  
saggies roep sy.  
Sy vertel die winde van die dans  
en sy nooi hulle uit, want die werf is wyd en die bruilof groot.  
Die grootwild jaag uit die vlakke,  
hulle dam op die bulttop,  
wyd rek hulle die neusgate  
en hulle sluk die wind;  
en hulle buk, om haar fyn spore op die sand te sien.  
Die kleinvolk diep onder die grond hoor die sleep van haar voete,  
en hulle kruip nader en sing saggies:  
“Ons Suster! Ons Suster! Jy het gekom! Jy het gekom!”  
En haar krale skud,  
en haar koperringe blink in die wegraak van die son.  
Op haar voorkop is die vuurpluim van die berggier;  
sy trap af van die hoogte;  
sy spreid die vaalkaros met altwee arms uit;  
die asem van die wind raak weg.  
O, die dans van ons Suster!

Eugene Marais

## GRAAD 12 VOORGESKREWE GEDIGTE 2016

### KIES SLEGS EEN VAN DIE VOLGENDE GEDIGTE

#### O DIE PYN-GEDAGTE

O Die pyn-gedagte: My kind is dood! . . .  
dit brand soos 'n pyl in my.  
Die mense sien daar niks nie van,  
en die Here alleen die weet wat ek ly.

Die dae kom en die nagte gaan  
die skadu's word lank en weer kort;  
die drywerstem van my werk weerklink,  
en ek gaan op my kruisweg voort.

Maar daar skiet aldeer 'n pyn in my hart,  
so, dat my lewe se glans verdwyn;  
Jou kind is dood met 'n vreeslike dood!  
En – ek gryp my bors van die pyn.

O Die bliksemgedagte! . . . Ja, lieflingskind,  
een straal het jou skone liggaam verskroei,  
maar bliksemstrale sonder tal  
laat my binneste brand en bloei.

Sy was so teer soos 'n vlindertjie,  
sy't lugtig omheen geswerf;  
'n asempie wind kon haar vlerkies breek  
en – kyk watter dood moes sy sterf!

Hoe weinig die kinders wat so moet sterf,  
dis een uit die tienduisend-tal,  
en ag, dat dit sy was, en ek moes sien  
dat sy dood in my arms val!

O Die pyn-gedagte: My kind is dood! . . .  
dit brand soos 'n pyl in my;  
die mense die sien daar niks nie van,  
en die Here alleen die weet wat ek ly.

Totius (JP Du Toit)

#### SUID-AFRIKA: MY LAND

Jy's indrukwekkend, manjifiek  
jou sondeurdrenkte landskappe  
weerkaats helder beelde in my siel  
jou pragtige wonders flikker oneindig  
lank in die stilte van jou nagrus

Mount Aux Sources – so elegant en grasieus  
verrys jy vanuit die voetheuwels, soos  
'n fakkel by die Spele ets jy lekkende  
beelde teen die muur van my geheue  
en voel ek jou hitte gloeiend teen my hart

O Blyde! ek fantaseer oor jou  
magiese kragte wat jy sorgloos  
en galant in die gallery van my  
stille gemoed stilletjies uitpak terwyl  
my dawerende applous eggo  
oor die velde van my gedagtes

Moederstad! hoe inskiklik laat jy my  
telkens haggel wanneer ek my herinneringe  
sagkens koester – jou fasades!  
waar ek jou gambiet betree  
en gewillig my pionne oorgee

En saans voel ek jou fluweelagtige  
skoonheid van elke sonsondergang  
stadig neerdaal in my gemoed terwyl  
ek stadig drink van jou geloofs-fonteine  
wat borrellend bruis in oorvloed

Fragmentaries vier ek feeste  
ek dans en omhels jou en jy –  
jy blus my gees telkens met jou  
magiese heildronke: een-vir-een  
op 'n toekoms – wat mag wees!

Nikita

**GRAAD 12 VOORGESKREWE GEDIGTE 2016**  
**KIES SLEGS EEN VAN DIE VOLGENDE GEDIGTE**

**BLADSY 2**

**DRIESIE VAN DIE BINNELAND**

Driesie van die binneland  
Kom in Maartmaand na die strand –  
O die koele heerlijkheid,  
O die koninklike tyd!  
Hy was daar geen week gewees nie  
Of hy had g'n watervrees nie.

Denkend aan sy water-reg,  
Raak hy soos 'n groot speld weg.  
Mammie wis nie beter as  
Dat hy in die huis nog was;  
“Maar die stilte is nooit pluis nie:  
Dries is nooit meer by die huis nie.”

Hier gesoek en daar gesoek,  
Elke draai en elke hoek –  
Van die soek kom niks tereg:  
Dries was sommer baie weg!  
Skrik sy haar nie byna grys nie?  
Wat maak ang 'n mens nie wys nie!

Byna buite haar verstand  
Snel sy na die waterkant –  
“Klaar verdrink en koud soos ys,”  
Maak die duiwel haar al wys;  
Onderwyl speel hy met sandjies –  
Witte seesand in sy handjies.

“Dries, jou liefste kleine bees,  
Waar was jy so lank gewees?”  
Vra sy met ontroerde stem.  
“Mammie, ek het gou gaan swem.”  
“Tog nie met jou broek en baadjie?  
Tog nie met geen enk'le draadjie?”

Jy alleen? In vredesnaam!”  
“Nee, met ander kinders saam.”  
“Watter ander kinders, Dries?  
Was dit seuns of meisietjies?”  
“Mammie, ek weet self nie wat nie:  
Hul't nie kleertjies aangehad nie!”